Die Vleiloerie
NG Kerk Karatara
Sedgefieldwyk

7 Hoepoestraat
Posbus 1195
Sedgefield, 6573

kantoor@ngksedgefield.co.za
ngksedgefield.co.za
044 343 2033
FB - NGKerkKarataraSedgefield
Youtube - NG Kerk Karatara

Goeie môre en hartlik welkom by vandag se EREDIENS.
Dit is ons gebed dat hierdie diens vir u tot seën sal wees.
Ds Marius Coetzee bring die Woord vanoggend
Skrif: 2 Pet.1:2-11

24 September 2023

My naam staan in die boek van die lewe! deur Stephan Joubert

God ken ons deur en deur. Die Bybel vertel dat God so intens by ons lewens betrokke is dat Hy ons name selfs in Sy boek van die lewe opskryf. Psalm 139:16 sê jubelend: "U het my al gesien, toe ek nog ongebore was. Al my lewensdae was in U boek opgeskrywe nog voordat ek gebore is." Hierdie woorde moet egter nie deterministies verstaan word asof elke liewe mens se lewe in onveranderlike sement gegiet is nie. Hierdie woorde vorm deel van Dawid se belydenis dat ons as gelowiges nie produkte van die noodlot is nie. Ons is die werk van God se hande. In Psalm 69:29 bid die psalmskrywer juis dat goddeloses se name uitgewis sal word uit die boek van die lewe. Hulle name mag nie saam met die regverdiges hierin opgeskryf word nie. Die bedoeling met hierdie boek van die lewe in die Ou Testament is dus om te bevestig dat alle regverdiges se lewens oop en bloot voor die Here is, vanaf geboorte tot dood. Daarom sê Daniël 12:1 die Here sal diegene wie se name in Sy boek van die lewe opgeskryf is, nooit prysgee nie. Hy sal hulle red.

Openbaring 20:11-15 bevestig dat God se boek van die lewe by die wederkoms oopgemaak word. Wanneer almal op daardie dag voor God stelling inneem, word daar egter eers 'n klompie ander boeke oopgemaak. Eerstens is daar boeke (meervoud!), waarin al die werke van die onregverdiges opgeteken is. Hulle almal word dadelik in die vuurpoel gegooi. Vervolgens word die boek van die lewe (enkelvoud!) oopgemaak. Hierin staan slegs die name van dié wat in Christus glo, oftewel die regverdiges. Hulle ontvang dadelik die nuwe hemel en die nuwe aarde as erfenis. Kortom, God ken ons óf op ons naam, óf weens al ons dade. As laasgenoemde die geval is, dan het ons moeilikheid, ewige moeilikheid! Maar as Hy ons op ons naam ken, dan het Jesus in ons plek betaal. Dan het Hyself ons naam in die boek van die lewe ingeskryf. Maak seker dat jou naam in die regte boek ingeskryf is. Dit het ewige goeie gevolge.

Gebedsversoeke:

Bybelgenootskap (bybelgenootskap.co.za): Irak: Bid vir die veiligheid van die Bybelgenootskap se personeel in die uitvoer van hul missie om die Goeie Nuus te versprei. Bid ook vir die Irakse Christene wat hul geloof in moeilike omstandighede moet uitleef. Bid vir die traumagenesingsprogram wat Irakse gesinne help om hul seer te verwerk en hoop te herstel.

Geopende deure (opendoors.org.za): Erfenisdag: Anders as 'n tydelike aardse erfenis, beloof ons erfenis in Christus die ewige lewe. Terwyl ons vandag ons aardse erfenis onthou, kom ons loof God vir ons geestelike erfenis en wy ons lewens aan diens van daardie erfenis.

Verjaarsdae

24 September –	**25 September –** Leonora Vorster
26 September – Melinda J van Rensburg, Quentin Enslin	**27 September –** Wynand Dreyer
28 September –	**29 September –** Kobie Olckers
30 September -	

Hierdie week se aktiwiteite

Gemeente Biduur – Dinsdae 08:00-09:00 in die konsistorie. Gebed is 'n belangrike deel van kerkwees! Kom bid saam vir ons gemeente, sake van die dag asook wat op jou hart mag wees.

Vroue Bybelstudie groep - Dinsdae om 10h00 hier in die kerk. Dit is n heerlike reis van geestelike groei – jy is baie welkom liewe vrou 😊

Vrydagoggend 05:00-06:00 Manne-bid-en-koffie – Alle mans is welkom!

KARATARA-WYK-BASAAR 4 NOVEMBER 09:00

Dit is elke jaar n groot lekkerte waarna ons almal uitsien en wat ieder en elk baie geniet! **Kontak asb vir Minnette (083 655 6220)** as jy op een of ander manier diensbaar kan wees – Vele hande maak ligte werk! Bestanddele bv. suiker, meel, olie, kondensmelk, kitspoedings, jellie, vla, ens. word benodig. **Wit olifante is altyd baie welkom** – bring jou onbruikbare goed – dit kan weer vir iemand anders van groot nut wees 😊

TEKS VIR DIE WEEK Ps 16: 6 'n Pragtige deel is vir my afgemeet, ja, wat ek ontvang het, is vir my mooi.